Nuwe Lied Bediening

En Hy het 'n nuwe lied in my mond gegee, 'n lofsang tot eer van onse Elohiem (Ps. 40:4)

E-pos: kontak@nuwelied.info
Webwerf: http://www.nuwelied.info

Yeshua is die Boom van die Lewe. Wanneer ons die Torah bestudeer moet ons onthou dat Yeshua Messias die Lewende Torah is – die Woord van YHVH wat vlees geword het. Hy is die weg na die waarheid wat lewe gee – die Lewende Manna wat uit die hemel gestuur is. Sonder Yeshua wat deur die Afgesonderde Gees in ons, en deur ons lewe, sal die geskrewe Torah net die dooie letter van die wet wees!!
Yeshua is die hart van die Vader!

Parashah 49: *Ki Tetze* – Wanneer jy uitgaan.

Wanneer jy in geveg uittrek teen jou vyande en יהוה, jou God, hulle in jou hand gee en jy hulle as gevangenes wegvoer…… Deut. 21:10 – PWL[1]

Torah: Deut. 21:10 tot 25:19

Haftorah: Jes. 54:1 tot 10

Nuwe verbond: Matt. 5:31 en 32; Matt. 19:3 tot 12; Matt. 22:23 tot 32; Matt. 7:1 tot 5; Mark. 4:24; Mark. 10:2 tot 12; Luk 10:29 tot 37; Gal. 6:2; 1 Kor. 11:2 tot 15.

Hierdie notas is aanvullend tot die vorige notas vir Parashah 49 wat afgelaai kan word by: Parashah49Notas14 en Parashah49Notas15 en Parashah49notas16.

Where there have been mighty deeds, there need be no multitude of words to tell of them. Many words are required only where the deeds have been too feeble to speak for themselves. – A.W. Tozer.

Testimonies are wonderful. But, so often our lives don't fit our testimonies – Leonard Ravenhill.

If a Christian is not having tribulation in the world, there's something wrong! – Leonard Ravenhill.

[1] Alle teksverwysings is geneem uit PWL (Pad van Waarheid tot die Lewe) Vertaling (www.padwlewe.ch), behalwe waar anders vermeld. Om 'n kopie van die Bybel te bekom kan Gerrie Coetzee per e-pos by padwlewe@yahoo.com gekontak word of telefonies by 074 361 2134.

I have now concentrated all my prayers into one, and that one prayer is this: that I may die to self, and live wholly to Him – Charles H. Spurgeon,

Ignorance is like sleep….. Your initial reaction is to be mad at the person who wakes you up!! – Anonymous.

Torah Bespreking

Hersiening

In verlede week se Torahstudie was YHVH se regeringstruktuur, soos dit in die Torah van Moses vervat is, bespreek. ‘n Regeringstruktuur vir ‘n ordelike en voorspoedige samelewing waar YHVH in hulle midde sou kon woon!

Dit was noodsaaklik dat YHVH ‘n regeringstruktuur in plek moes stel, want in die land Kanaän sou hulle as stamme elkeen op sy eie grondgebeid gaan woon. Daar moes dus voorsiening gemaak word dat daar oor elke stam en oor elke idividu afsonderlik volgens Torah-beginsels regverdig geregeer kon word. Deur YHVH se regeringstruktuur sou Israel steeds as eenheid volgens die Torah van Moses funksioneer. Hulle sou een in Torah wees, hoewel nie eenders nie. Die tabernakel, en uiteindelik die tempel, sou steeds die middelpunt van Israel se geloofslewe, sowel as hul gemeenskapslewe wees.

Maar YHVH se Melgisédek regeringstruktuur van die nuwe verbond is gebaseer op die vyfvoud bediening onder Yeshua as Koning, Hoofpriester en Profeet. Die priesters van die orde van Melgisédek word deur die gawes van die Afgesonderde Gees bemagtig vir hulle dienswerk.

In hierdie week se Torahstudie is die fokus op verhoudinge. Eerstens op die verhouding in die huwelik, die gesin en die familie en tweedens, verhoudinge met medemens. Torah gefundeerde verhoudinge verseker wedersydse vertroue en respek in die huwelik, in die gesin en familie, asook in die gemeenskap.

Ware liefde verseker goeie verhoudings

Alle huwelike, gesinne en families, asook ‘n gemeenskap se suksesvolle en veilige voortbestaan is afhanklik van wedersydse vertroue en respek. Dit het alles te doen met die opdrag dat jy jou naaste lief moet hê soos jouself (Deut. 19:18; Luk. 10:27). ‘n Samelewing waar almal die sekerheid kan hê dat elkeen sal omsien na die ander se belange is die vervulling van die wet van liefde vir jou naaste, want die liefde doen die naaste geen kwaad nie!

Liefde doen nie kwaad aan sy medemens nie, want liefde is die vervolmaking van die geskrewe wet. Rom. 13:10.

Indien ons nie ons medemens liefhet soos onsself nie, wandel ons in geestelike duisternis!

9*Wie daarom ook al sê dat hy in die Lig is terwyl hy sy broer haat, is steeds in die duisternis.*
10*Wie sy broer voortdurend lief het, bly in die Lig en daar is geen oortreding in hom nie,*
11*maar hy wat sy broer haat, is in die duisternis en leef in die duisternis en weet nie waarheen hy gaan nie omdat die duisternis sy oë blind gemaak het.* 1 Joh. 2:9 tot 11.

‘n Samelewing sonder onderlinge liefde en vertroue gee aanleiding tot agterdog, selfsug en twis.

Ons vergeet nie sommer dat ons in ‘n verbondsverhouding met YHVH leef nie, maar ons vergeet maklik dat ons ook in ‘n verbondsverhouding met medegelowiges staan. Onthou: In ‘n verbond word die belange van die een met wie jy ‘n verbond het bo jou eie belange gestel! Sal dit nie ‘hemel op aarde’ wees indien ons hierin sou slaag nie?

Selfsug is die enkel grootste oorsaak van gebroke verhoudings en dus van ‘n gemeenskap waar onderlinge wantroue oorheersend is! Die oplossing vir hierdie probleem is ondermeer die volgende?

The man who keeps busy helping the man below him, won't have time to be jealous of the man above him – Henrietta Mears.

Sometimes we need someone to simply be there…. Not to fix anything or do anything in particular, but just to let us feel we are supported and cared about – Anonymous.

In hierdie week se Torahskriflesing is daar selfs ‘n riglyn van hoe ons verhouding met die diereryk moet wees:

6 *As daar ’n voëlnes voor jou op die pad is in enige boom of op die grond, met voëltjies of eiers terwyl die moeder op die voëltjies of op die eiers sit, mag jy die moeder nie saam met die kleintjies wegvat nie.* **7** *Jy moet die moeder sekerlik laat wegvlieg dat dit met jou goed mag gaan en jy lank mag lewe, maar die kleintjies mag jy vir jou vat.* Deut. 22:6 en 7.

Ja, selfs liefde en welwillendheid teenoor diere bevat die belofte *dat dit met jou goed mag gaan en jy lank mag lewe*!!

If you show disrespect to animals, then it should not be surprising why you might show disrespect to human beings. We need to be people who can treat all of God’s creatures with dignity and honour. Perhaps if we learn to extend loving kindness to the animal kingdom, then we will treat people properly. If we can exhibit love to all those we encounter, then we can truly live long and blessed lives. – Mark Huey, *Ki-Teitzei*.

Bepeins of Bespreek

1. Om ons naaste lief te hê is maklik! Die moeilike deel is om ons naaste lief te hê soos wat ons onsself lief het! Dit is in laasgenoemde opsig wat ons dikwels struikel.

Deut. 21:10 – Wanneer Jy Uitgaan!

Wanneer jy in geveg uittrek teen jou vyande en יהוה, jou God, hulle in jou hand gee en jy hulle as gevangenes wegvoer Deut. 21:10

Die openingsvers van hierdie Torahskriflesing bevat ‘n duidelike belofte, naamlik dat wanneer ons teen ons vyande in geveg uittrek, sal YHVH hulle as gevangenes in ons hand gee!!

Wedergeboorte is om aan te meld vir dienswerk in die Hemelse Koninkryk – ‘n bereidwilligheid om die “Beloofde Land” in besit te neem. Vulling met die Afgesonderde Gees is die bemagtiging vir hierdie dienswerk. Derdens vereis dit om deeglik in YHVH se Torah onderrig te wees! Alleenlik dan is jy en ek toegerus om in geveg uit te trek teen YHVH se vyande, naamlik elkeen wat, wetend of onwetend, Yeshua as Die Gesalfde van YHVH-God verwerp en teëstaan! Alleenlik dan sal YHVH die vyand in ons hand gee!

Maar hierdie bereidwilligheid vereis dat elkeen eers ‘n deeglike kosteberekening moet doen!

Dit is so maklik om te sê: Ek is ‘n dissipel (studentevolgeling) van Yeshua! Maar verstaan ons regtig wat is die vereiste om ‘n dissipel te wees? Kwalifiseer ons volgens Yeshua se vereistes om ‘n dissipel van Hom genoem te word en is ons bereid om die gevolge te verduur wat gepaardgaan met die “oorlog” waarin ons betrokke gaan raak?

Om ‘n volwaardige en getroue dissipel van Yeshua te wees, moet elkeen eerstens seker maak van wat dit behels en tweedens, om in die lig van wat dit behels, bereidwillig te wees om Yeshua tot die einde te volg, selfs in die moeilikste omstandighede! En ja, selfs om met jou lewe te boet. Yeshua verduidelik hierdie kosteberekening in Luk. 14:25 tot 33:

25 *Baie mense het saam met Hom geloop en Hy het Hom omgedraai en vir hulle gesê:* **26** *“As iemand na My toe kom en hy het nie sy vader, moeder, vrou, kinders, broers en susters, ja, selfs ook sy eie lewe minder lief nie, kan hy nie My studentevolgeling wees nie.* **27** *Elkeen wat nie sy eie kruis dra en agter My aan kom nie, kan nie My studente- volgeling wees nie.* **28** *Wie van julle wat ’n toring wil bou, gaan nie eers sit en bereken die koste, of hy in staat is om dit te voltooi nie?* **29** *Indien nie, as hy die fondament gelê het en nie in staat is om dit te voltooi nie, sal almal wat dit sien, met hom begin spot* **30** *en sê: ‘Hierdie man het begin bou en kon nie klaarkry nie.’* **31** *Of watter koning wat optrek om teen ’n ander koning langs hom oorlog te maak, gaan nie eers oorweeg of hy in staat is om met tien duisend die een te ontmoet wat met twintig duisend teen hom kom nie?* **32** *Indien nie, stuur hy afgevaardigdes terwyl die ander een nog ver is en vra vir vredesvoorwaardes.* **33** *Net so kan ook niemand van julle, wat nie afsien van al sy besittings, My studentevolgeling wees nie.*

Het jy al hierdie kosteberekening gedoen? Kan jy met oortuiging sê dat jy YHVH Yeshua meer liefhet as jouself en as jou geliefdes? Is jy bereid om af te sien van dit wat vir jou belangrik is en om selfs bereid te wees om van alles wat jy besit af te sien om Yeshua enduit te volg, al kos dit jou lewe?

Daarom is die eintlike vraag die volgende: Hoekom dien jy en ek YHVH Yeshua en hoe kan jou en my verhouding beskryf word? Is jy en ek ‘n geestelike minnaar of ‘n geestelike prostituut?

Miskien is jy geskok oor die wyse wat ek hierdie vraag stel! Maar alvorens ek verduidelik hoekom ek dit so vra, wil ek net weer die volgende definisie van ware liefde aanhaal:

Ware liefde het niks te doen met wat jy verwag om terug te ontvang nie. Liefde het slegs te doen met wat jy bereid is om te gee en ware liefde is bereid om alles te gee. Wat jy terug ontvang sal wissel, maar dit het geen verbintenis met wat jy bereid is om te gee of hoeveel jy gee nie. Jy gee alles en verwag niks omrede jy waarlik liefhet.

Is dit die liefde waarmee jy YHVH Yeshua liefhet – ‘n liefde wat niks terug verwag nie, maar bereid is om alles te gee? Is dit die wyse wat jy jou geliefdes en jou naaste liefhet? Is jy bereid om onvoorwaardelik lief te hê sonder om iets terug te verwag? Dit is die liefde wat dissipels van Yeshua moet openbaar!!

Geruime tyd gelede het ek ‘n e-pos ontvang waarin Dr David Ryser se skrywe: “The Question That Changed My Life”, aangehaal word. Dit is na aanleiding hiervan wat ek die vraag vra: Is jy en ek ‘n minnaar of prostituut?

As lektor by ‘n teologiese skool vertel David Ryser wat tydens ‘n lesing gebeur het toe hy die kort weergawe van die geskiedenis van die Christendom met sy studente gedeel het: Hy vertel die volgende:

I came across a quote attributed most often to Rev. Sam Pascoe. It is a short version of the history of Christianity, and it goes like this:

Christianity started in Palestine as a fellowship; it moved to Greece and became a philosophy; it moved to Italy and became an institution; it moved to Europe and became a culture; it came to America and became an enterprise.

Some of the students were only 18 or 19 years old – barely out of diapers – and I wanted them to understand and appreciate the import of the last line, so I clarified it by adding, "An enterprise. That's a business."

After a few moments Martha, the youngest student in the class, raised her hand. I could not imagine what her question might be. I thought the little vignette was self-explanatory, and that I had performed it brilliantly. Nevertheless, I acknowledged Martha's raised hand, "Yes, Martha." She asked such a simple question, "A business? But isn't it supposed to be a body?" I could not envision where this line of questioning was going, and the only response I could think of was, "Yes." She continued, "But when a body becomes a business, isn't that a prostitute?"

The room went dead silent. For several seconds no one moved or spoke. We were stunned, afraid to make a sound because the presence of God had flooded into the room, and we knew we were on holy ground. All I could think in those sacred moments was, "Wow, I wish I'd thought of that." I didn't dare express that thought aloud. God had taken over the class.

Martha's question changed my life. For six months, I thought about her question at least once every day. "When a body becomes a business, isn't that a prostitute?" There is only one answer to her question. The answer is "Yes." The American Church, tragically, is heavily populated by people who do not love God. How can we love Him? We don't even know Him; and I mean really know Him.

... I stand by my statement that most American Christians do not know God--much less love Him. The root of this condition originates in how we came to God. Most of us came to Him because of what we were told He would do for us. We were promised that He would bless us in life and take us to heaven after death. We married Him for His money, and we don't care if He lives or dies as long as we can get His stuff. We have made the Kingdom of God into a business, merchandising His anointing. This should not be. We are commanded to love God, and are called to be the Bride of Christ--that's pretty intimate stuff. We are supposed to be His lovers. How can we love someone we don't even know? And even if we do know someone, is that a guarantee that we truly love them? Are we lovers or prostitutes?

I was pondering Martha's question again one day, and considered the question, "What's the difference between a lover and a prostitute?"

I realized that both do many of the same things, but a lover does what she does because she loves. A prostitute pretends to love, but only as long as you pay. Then I asked the question, "What would happen if God stopped paying me?"

For the next several months, I allowed God to search me to uncover my motives for loving and serving Him. Was I really a true lover of God? What would happen if He stopped blessing me? What if He never did another thing for me? Would I still love Him? Please understand, I believe in the promises and blessings of God. The issue here is not whether God blesses His children; the issue is the condition of my heart. Why do I serve Him? Are

His blessings in my life the gifts of a loving Father, or are they a wage that I have earned or a bribe/payment to love Him? Do I love God without any conditions? It took several months to work through these questions.

Even now I wonder if my desire to love God is always matched by my attitude and behaviour. I still catch myself being disappointed with God and angry that He has not met some perceived need in my life. I suspect this is something which is never fully resolved, but I want more than anything else to be a true lover of God.

So what is it going to be? Which are we, lover or prostitute?

There are no prostitutes in heaven, or in the Kingdom of God for that matter, but there are plenty of former prostitutes in both places. Take it from a recovering prostitute when I say there is no substitute or unconditional, intimate relationship with God. And I mean there is no palatable substitute available to us (take another look at Matthew 7:21-23 sometime). We must choose.

Het jy en ek die Gewer van alle genadegawes (Jak. 1:17) waarlik lief of het ons die genadegawes en die seëninge liewer as YHVH wat dit gee? Is ons volgelinge wat net wil ontvang of is ons dissipels wat bereid is om alles te gee? Onthou Yeshua het baie volgelinge gehad, maar slegs ‘n klein groepie dissipels!!

Het jy en ek die gesindheid van Habakuk en kan ons dieselfde sê?

17*Alhoewel die vyeboom nie sal bloei en aan die wingerdstokke geen vrug sal wees nie, die drag van die olyfboom faal en die lande geen kos produseer nie; die kleinvee uit die kraal afgesny word en daar geen beeste in die krale sal wees nie,* **18***nogtans sal ek jubel in* יהוה*, ek sal in die rondte swaai van vreugde in die God van my verlossing.* **19** יהוה*-God is my Sterkte en Hy het my voete gemaak soos dié van herte en my laat staan op my hoë plekke om met snaarinstrumente Sy lof te besing.* Hab. 3:17 tot 19

Onthou: **Ware liefde het niks te doen met wat jy verwag om terug te ontvang nie. Liefde het slegs te doen met wat jy bereid is om te gee en ware liefde is bereid om alles te gee.**

Yeshua het drie keer vir Petrus gevra: *Simon, seun van Jona, het jy My lief* (Joh. 21:15 tot 19)? Telkens het Petrus ‘ja’ op hierdie vraag geantwoord. En toe sê Yeshua vir hom:

18 *“Dit is ’n tydlose waarheid wat Ek vir jou sê: toe jy jonger was, het jy jouself aangetrek en gegaan waar jy wou, maar wanneer jy oud geword het, sal jy jou hande uitsteek en ’n ander een sal jou aantrek en vat waarheen jy nie wil nie.”* **19***Dit het Hy gesê om aan te dui deur hoedanige dood hy God sou vereer en loof en nadat Hy dit gesê het, sê Hy vir hom: “Kom, volg My.”* Joh. 21:18 en 19.

Die wyse wat Petrus gesterf het was deur kruisiging sowat 33 jaar na Yeshua. Volgens sommige geskiedskrywers was hy op sy versoek onderstebo gekruisig, omdat hy homself nie waardig geag het om soos Sy Meester Yeshua te sterf nie. En volgens die geskiedenis het agt van die apostels ook ‘n marteldood gesterf!

Soos eindtydgebeure in tempo en felheid toeneem, moet ons elkeen selfondersoek doen of ons waarlik gereken kan word as dissipels van Yeshua. Dit is tyd dat elkeen weer ‘n kosteberekening moet doen – ‘n kosteberekening waar ons eerlik met onsself is en die werklikheid in die gesig staar!!

Bepeins of Bespreek:

1. Is jy en ek ‘n beminde van YHVH Yeshua wat niks in ruil verwag vir die feit dat ons Hom waarlik liefhet en waarlik bemin? Sal ons Vader-YHVH met ons hele wese steeds liefhê al beantwoord Hy nie een van ons gebede nie?

2. Sal ons bereid wees om voort te gaan as dissipels indien Yeshua vir ons, soos vir Petrus, sou aandui hoedanige dood ons sal sterf (Joh. 21:19)?

YHVH se Mate en Gewigte

(Hersiening van vorige notas)

13*Jy mag nie verskillende weegstene, ’n grote en ’n kleintjie, in jou sak hê nie.* **14***Jy mag nie verskillende mates, ’n grote en ’n kleintjie, in jou huis hê nie.* **15***Jy moet ’n vol en korrekte gewig hê; jy moet ’n vol en korrekte maat hê sodat jou dae verleng mag word in die land wat* יהוה*, jou God, jou gee,* **16***want elkeen wat hierdie dinge doen, elkeen wat onregverdig optree, is verwerplik vir* יהוה*, jou God.* Deut. 25:13 tot 16.

Die letterlike betekenis van hierdie onderrig en instruksie is dat ons geen onregverdige wins uit ons naaste mag maak nie, of hom op enige ander wyse mag uitbuit nie, *want elkeen wat hierdie dinge doen, elkeen wat onregverdig optree, is verwerplik vir* יהוה*, jou God*.

Daar is ook ‘n belofte gekoppel aan die nougesette gehoorsaamheid aan hierdie opdrag, naamlik: *sodat jou dae verleng mag word in die land wat* יהוה*, jou God, jou gee.*

Om geen onregverdige wins uit jou medemens te maak nie, of om hom op enige wyse uit te buit nie, is die boustene van liefde vir jou medemens!

Maar daar is ‘n dieperliggende geestelike betekenis wat ewe belangrik is! Ons moet besef dat YHVH het mate en gewigte waarmee Hy ons meet en weeg!

want ons gaan almal staan voor die troon van Die Gesalfde Een sodat elkeen betaling kan ontvang volgens alles wat hy in die liggaam gedoen het; of dit goed is of boos. 2 Kor. 5:10

Die Tanakh herinner ons ook aan koning Belsasar van Babilon wat ook geweeg was (Dan. 5:25 tot 28, AOV):

En dit is die skrif wat geskrywe is: Mené, mené, tekél ufarsín. Dit is die uitleg van die woord: Mené – God het u koningskap getel en daar ‘n einde aan gemaak; tekél – u is op die weegskaal geweeg en te lig bevind; perés – u koninkryk is verdeel en aan die Meders en Perse gegee.

Belsasar het hom teen YHVH verhef en in sy hoogmoed YHVH nie vereer nie en daarom is hy deur YHVH geweeg en te lig gevind. Hiervolgens sien ons dat YHVH ons gesindhede, motiewe, begeertes, woorde, dade, ensovoorts weeg en meet.

‘n Regte weegtoestel en weegskaal kom van YHVH, al die weegstene in die sak is sy werk. Spr. 16:11.

Die rede hoekom YHVH ons ‘weeg’ en ‘meet’ is om ons daarvolgens te oordeel en te beloon. YHVH gebruik Torah om die gewigte en maatstok waarmee Hy ons meet te eik en daarom is Sy weging en meting regverdig en akkuraat.

Die probleem kom egter by die gewigte en maatstok wat ons gebruik om ander mee te weeg en te meet. Wanneer ons ‘n persoon oordeel (bespreek) is ons inderwaarheid besig om daardie persoon te weeg en te meet. Ons oordeel ander egter verskillend as wat ons onsself oordeel. Ons is dan soos die oneerlike handelaar en gebruik verskillende gewigte en mates wanneer ons onsself weeg en meet as wanneer ons ons naaste weeg en meet. Daarom het Yeshua gesê:

1 *“Moenie oordeel nie sodat julle nie geoordeel word nie,* **2***want volgens die oordeel waarmee julle oordeel, sal julle geoordeel word en met die maat waarmee julle meet, sal dit vir julle uitgemeet word.* **3***Waarom sien jy die splinter in jou broer se oog, maar die plank in jou eie oog merk jy nie op nie?* **4***Hoe kan jy vir jou broer sê: ‘Laat my die splinter uit jou oog uithaal en let op, daar is ’n plank in jou eie oog?* **5***Toneelspeler van ’n valse karakter, haal eers die plank uit jou eie oog uit, dan sal jy kan sien om ’n splinter uit jou broeder se oog uit te haal!* Matt. 7:1 tot 5.

Hy het ook vir hulle gesê: “Oorweeg dit wat julle hoor; met die maat waarmee julle meet, sal vir julle gemeet word en daar sal bygevoeg word, vir julle wat hoor. Mark. 4:24.

Geen mens meet met YHVH se maat van onverdiende guns nie en daarom herinner Jakobus ons aan hoe ons teenoor ander moet optree:

Julle moet so spreek en so doen soos diegene wat deur die wet van vryheid geoordeel sal word. Want die oordeel sal onbarmhartig wees oor die wat geen barmhartigheid bewys het nie. Jak. 2:12 en 13.

Let op wat Jakobus in vers 13 sê: *die oordeel sal onbarmhartig wees oor die wat geen barmhartigheid bewys nie.* Dit beteken dat weens ons eie onbarmhartigheid verbeur ons Vader-God se liefdevolle barmhartigheid wanneer Hy ons oordeel.

1*As gevolg hiervan is daar nie ’n verskoning vir jou, o mens wat jou naaste veroordeel nie, want waaroor jy jou naaste oordeel, is jyself skuldig aan, want jy wat oordeel, doen dieselfde dinge ,***2***maar ons weet dat die oordeel van God in waarheid bestaan oor die wat sulke dinge voortdurend doen.***3***Hoekom dink jy, o mens, wat húlle veroordeel wat sulke dinge voortdurend doen en dit sélf doen sodat jy die oordeel van God sal ontvlug?* **4***Of waag jy dit teen die rykdom van Sy sagte goedheid en teen die geduld van Sy Gees en teen die plek wat Hy vir jou gegee het en besef jy nie dat die sagte goedheid van God jou wil lei om van die sonde af weg te draai na God toe nie?* **5***As gevolg van die onsensitiwiteit van jou verstand, wil en emosie wat nie wil wegdraai van sonde af nie, versamel jy vir jou ’n skat van toorn vir die dag van die toorn en openbaring van die regverdige oordeel van God.* Rom. 2:1 tot 5.

Dikwels laat ons na om ons eie sonde te oordeel en is ons vinnig om onsself te regverdig.

Dit herinner ons aan die gelykenis wat Yeshua vertel het van die Fariseër en die tollenaar (Luk. 18:9 tot 14). So dikwels bid ons die Fariseërsgebed van: *o God, ek dank u dat ek nie soos die ander mense is nie*.... terwyl ons almal eerder ons kop in skaamte moet laat sak en op ons bors moet slaan terwyl ons die tollenaarsgebed bid van: *o God, wees my, sondaar, genadig!*

Ons almal het ‘n geneigdheid om onsself bo ander te verhef en ons doen dit meestal sodat ons beter oor onsself kan voel.

If we judge ourselves from below, it will not be necessary for YHVH to judge us from above – Unknown

We are very good Lawyers for our mistakes and very good Judges for other's mistakes – Anonymous

Ons moet onsself oordeel aan die hand van YHVH se Torah soos dit in Yeshua volbring is. Dit is Sy mate en gewigte wat Hy vir ons in die huidige lewe gegee het en waarmee ons eendag gemeet en geweeg sal word wanneer ons voor die Regterstoel sal verskyn.

YHVH se Mate en Gewigte vir Redding

Gebruik YHVH dieselfde stel mate en gewigte vir alle mense wanneer dit kom by redding deur Sy onverdiende guns? Is hierdie mate en gewigte vir ons 'n geheimenis?

Die vraag is dus: Word die Torah-gehoorsame Jode wat Yeshua verwerp eweneens gered as die vreemdeling (nie-Jood) wat glo in Yeshua as die gekruisigde en opgestane Messias tot versoening met YHVH? Is bestudering van die Torah van Moses en onderhouding van hierdie gebooie voldoende om redding tot gevolg te hê?

Ek het op 'n keer 'n epos ontvang waarin die sender die volgende uitlating maak: *Uit jou skrywes lei ek af jy ervaar tans alle Ortodokse Jode as adders, skynheilig, met geen verhouding met die Vader nie en geen waarheid in hulle nie...*! Hoewel ek dit nie gesê het nie, was my reaksie hierop dat dit 'n goeie opsomming is van wat Yeshua van die Fariseërs (Rabbynse Judaïsme) gesê het (Matt. 16:6, 11 en 12; Matt. 23:13 tot 15; Matt. 23:25 en 27; Joh. 8:42 tot 47)[2]. Dit was die mate en gewigte waarmee Yeshua die Fariseërs mee geweeg en gemeet het!

Hierdie persoon het ook die siening dat ons nie kan oordeel of 'n Torah-gehoorsame Jood wat Yeshua verwerp, gered is of nie. En dit ten spyte daarvan dat die Skrifte van die nuwe verbond ons leer dat Yeshua is die Weg, die Waarheid en die Lewe en dat daar nie 'n ander wyse is om na die Vader te kan gaan as deur Yeshua Messias nie (Joh. 14:6).

Terug by die vraag: Is vertroue in die Torah van Moses vergelykbaar met vertroue in Yeshua? Die Apostel Petrus gee vir ons die antwoord!

17*As julle jul op Hom as Vader beroep, wat onpartydig oordeel volgens elkeen se dade, leef dan in respekvolle vrees gedurende dié tyd wat julle vreemdelinge is* **18***omdat julle weet dat julle nie deur verganklike dinge, silwer of goud, losgekoop is uit julle leë dade wat tradisioneel deur die vaders oorgedra is nie,* **19***maar deur die kosbare bloed van die Lam, waarin geen gebrek of vlek is nie, wat Die Gesalfde Een is,* **20***wat wel voor die tyd hiervoor aangestel is, voor die vorming van die wêreld, maar in hierdie laaste tye openbaar is, om julle ontwil.* **21** *Julle, wat deur Hom, in God, wat Hom uit die dood uit opgewek en aan Hom eer, lof en aanbidding gegee het, vertrou het sodat julle vertroue en versekerde verwagting in God kan wees,* **22***soos julle lewens afgesonder sal word in gehoorsaamheid aan die waarheid en gevul word met liefde, sonder aanneming van 'n persoon sodat julle mekaar sal liefhê uit 'n skoon en volmaakte verstand, wil en emosie,* **23***soos mense wat van bo af gebore is, nie uit verganklike saad nie, maar uit onverganklike, deur die Lewende Boodskap van God, wat tot in ewigheid bly,* **24***want alle vlees is soos gras en al die eer en lof van die mens soos 'n*

[2] Daar is baie wat ons by Rabbynse Judaïsme kan leer, maar ons moet uiters versigtig wees wat ons by hulle leer, soos wat ons ook versigtig moet wees wat ons by die Christendom leer. Ons moet egter nie die kind met die badwater uitgooi nie. Maar ons wil egter nie weer mislei word nie! En ons moet die vis van die grate skei. Dit is maklik om 'n snoek se grate van die vis te skei, maar feitlik onmoontlik om die grate van 'n sardientjie van die vis te skei!!

veldblom. Die gras verdor en die blom val af, **25***maar die woorde van ons God bly tot in ewigheid en dit wat Hy gesê het, is die goeie boodskap wat aan julle verkondig is*. 1 Pet. 1:17 tot 25.

Let daarop wat Petrus in verse 17 tot 19 skryf, naamlik:

- YHVH se oordeel is onpartydig. Hy gebruik dus slegs een stel mate en gewigte waarvolgens Hy elkeen se dade oordeel (vers 17).

- Ons word nie deur verganklike dinge losgekoop van ons leë dade wat tradisioneel deur ons vaders oorgedra is nie, maar slegs deur die kosbare bloed van die Lam van God. (verse 18 en 19). Die leë dade van die vaders is die werke van die Torah van Moses van die voortdurende offers wat slegs die sonde bedek het en dit nie weg kon was nie:

  2*want as dit volmaak gemaak het, sou hulle sonder twyfel opgehou het om te offer omdat hulle geen gewete meer oor sondes sou hê nadat hulle een maal gereinig is nie,* ***3*** *maar deur die offers onthou hulle elke jaar hul sondes,* ***4*** *want dit is nie moontlik vir die bloed van bulle en jaaroud bokke om die sonde weg te was nie.* **11***Elke hoofpriester staan elke dag om te bedien en dieselfde offers te bring wat van die ou tyd af nooit die sondes kon verwyder nie,* **12***maar Hy het een offer ter wille van sonde gebring en gaan sit aan die regterkant van God vir altyd.* Heb. 10:2 tot 4, 11 en 12.

  Redding is dus alleenlik deur vertroue in Yeshua en nie deur werke van die wet nie (Rom. 3:20 en 28). Paulus bevestig dit by herhaling in sy brief aan die Romeine.

- Elkeen wat glo in Yeshua as die Messias word van bo af gebore (wedergebore), nie uit verganklike saad nie, maar uit onverganklike goeie saad (vers 23)!

Slotsom: Yeshua Die Gesalfde Een is YHVH se mate en gewigte vir elke mens se redding!

Die feit is – dit is indien geglo word dat die Skrifte van die nuwe verbond deur die Gees geïnspireer is – dat ortodokse Jode wat Yeshua verwerp nie die Koninkryk van YHVH sal beërwe nie. Daarom sê Paulus dat hulle het hulle eie geregtigheid opgerig en ken nie die geregtigtigheid van YHVH nie (Rom. 10:1 tot 3). Ja, Rabbynse Judaïsme het die ywer, maar sonder kennis van YHVH se geregtigheid in Yeshua Messias. Hulle het kennis van YHVH, maar ken hulle Hom regtig soos wat Yeshua in Joh. 17:3 dit stel?

Dít is die ewige lewe: dat hulle U sal ken, want U is die God van Waarheid, asook Hom sal ken wat alleen deur U gestuur is, Yeshua, Die Gesalfde Een.

Die ewige lewe is om YHVH as Vader **EN** Yeshua, Sy Seun te ken! En hierdie ken is nie om net te weet van nie, maar dit is om op grond van vertroue intiem te ken deur ‘n verhouding!

Daarom is dit vir my ‘n groot tragedie dat die Messiaanse Beweging daarvan wegskram (versuim) om dit ‘n prioriteit te maak om Yeshua as Verlosser aan ons broers van die huis van Juda te verkondig. Die ingesteldheid van die meeste in die Messiaanse Beweging is ‘n ywer vir eenheid tussen die huis van Juda en die huis van Efraim, **maar sonder** eenheid in Yeshua. Dit is vals eenheid, want ware eenheid is slegs moontlik in Yeshua!!

Ons moet Paulus se woorde onthou!

Moenie saam met ongelowiges gejuk wees nie. Watter deel het onpartydige opregtheid met die oortreding van die wet en watter gemeenskap het lig met die duisternis? Of watter

ooreenstemming het Die Gesalfde Een met die teëstander; of watter deelname het die wat vertrou met die ongelowige? 2 Kor. 6:14 en 15.

Dan moet ons ook onthou dat in Yeshua is die huis van Juda en die huis van Efraim reeds verenig en is beide die saad van Abraham en volgens die belofte erfgename! Paulus bevestig dit toe hy geskryf het:

28*Daar is nie Jood of Arameër nie, daar is nie slaaf of vryman nie, daar is nie man of vrou nie, maar julle is almal een in eenheid met Die Gesalfde Een, Yeshua.* **29***As julle aan Die Gesalfde Een behoort, is julle die saad van Avraham en volgens die belofte, erfgename.* Gal. 3:28 en 29.

Die Messiaanse Beweging versuim hulle Matt. 28:18 en 19 opdrag teenoor Rabbynse Judaïsme!! As ons werklik die ortodokse Jode en die huis van Juda liefhet, behoort ons met ywer hulle van Yeshua te vertel!

Bepeins of Bespreek.

1. Kan iemand ‘n verhouding met YHVH-God sonder Yeshua hê? Lees weer wat Yeshua in Joh. 3: 1 tot 12 aan Nikodémus, ‘n Fariseër, gesê het. Sekerlik geld dit steeds ten opsigte van Rabbynse Judaïsme! Lees ook wat Yeshua in Joh. 17:3 gesê het aangaande die ewige lewe!

2. Is diegene wat glo dat ortodokse Jode wat die Torah van Moses onderhou, maar Yeshua verwerp ook gered is, nie skuldig aan geestelike moord van die Jode nie? Het die verlossing deur Yeshua nie juis na ons, die nie-Jode, gekom om die Jode wat Yeshua verwerp jaloers te maak nie (Rom. 11:11)? Is dit moontlik om hulle jaloers te maak deur nie openlik deur woord en daad van Yeshua as Messias te getuig nie? Rabbynse Judaïsme moet jaloers gemaak word oor wat ons in Yeshua as Messias het!

3. Indien dit waar is dat ortodokse Jode wat die Torah van Moses onderhou, gered is, dan hoef ons nie bekommerd te wees oor diegene in die Messiaanse Beweging wat Yeshua verwerp en dan Judaïseer nie, want dan is hulle steeds gered! Is dit waar in die lig van die Skrifte van die nuwe verbond?

4. Beteken die opdrag dat ons nie mag oordeel nie, dat ons ook nie ‘n mening in die lig van die Torah van Messias mag vorm nie? Volgens John Wesley’s Explanotary Notes beteken Matt. 7:1 die volgende: *Judge not any man without full, clear, certain knowledge, without absolute necessity, without tender love.* Miskien kan ons byvoeg: *en om eerstens onsself ook volgens dieselfde mate en gewigte te oordeel*. In die verband moet ons ook die volgende onthou:

   - ❖ In Matt. 7:15 tot 20 sê Yeshua dat ons wel mense aan die vrugte wat hulle dra moet oordeel. Die vrugte wat by bekering pas word volgens YHVH se mate en gewigte gemeet en geweeg!

   - ❖ YHVH het tog regters (*shoftim* – parashah 48) aangestel om volgens die Torah van Moses te beslis en te oordeel. Om heen te gaan en die blye boodskap van redding deur Yeshua te verkondig en almal te leer om alles te onderhou wat Yeshua ons geleer het, behels tog ook om dieselfde mate en gewigte as YHVH toe te pas!

-o-o-o-o-o-o-o-o-o-

Ontvang YHVH se Woord met welwillendheid, maar ondersoek self die Skrifte of hierdie dinge die waarheid is (Hand. 17:11).

Shabbat Shalom.
Johan.

Epos: kontak@nuwelied.info
Webwerf: http://www.nuwelied.info

Kopieë mag gemaak en gratis versprei word, maar mag nie verkoop word nie. Geen veranderinge mag aan die oorspronklike teks aangebring word en dit dan onder die naam van Nuwe Lied Bediening versprei nie.